

A. Sny takkies af onder die vorige ogies sodat die steeltjies as tydelike versperrings kan dien.
B. Verwyder ogies.
C. Laat hierdie ogies groei totdat die takkies "ryp" is sodat nuwe ogies kan ontwikkel.



Steeltjie word later verwyder. Word afgesny onderkant die vorige ogie.
A. Steeltjies word aan gelos totdat die takkies sterk uitgroei na die teenoorstaande kant (B). Verwyder A dan mettertyd.

DIE VERKORTING VAN INTERNODES

By die Akasia is dit noodsaaklik om die internodes te laat aanpas by die grootte van die boompie. Internodes groei onder normale groeitoestande ongeveer 4 tot 8 cm lank. Dit is dus belangrik om hierdie internodes te probeer verkort om in te skakel by die grootte van 'n boompie.

Dit is belangrik om daarop te let dat geen sytakkies op die internode ontwikkel nie en groei vind dus slegs plaas voor dorings en blaartjies voorkom. Dit is daarom belangrik dat die afstand tussen die opeenvolgende ogie so kort moontlik moet wees.



Geen sytakkies ontwikkel in die B omgewing nie aangesien ogies slegs by A aangestref word

Die enigste twee metodes waarop internodes verkort kan word is korrekte bemesting en beheerde watertoediening.